# Kranspoort Bulletin

*Uitgawe 6, Julie 2021*

## *Die skoonheid van winter in Kranspoort*



Foto deur Cea du Plooy



Foto deur Lourie du Plooy

## Hoogtepunte in hierdie uitgawe

Johan gesels……Bl: 1

Opsommende terugvoer uit die Algemene Jaarvergadering … Bl 2

Kranspoorters se vrae word beantwoord...Bl 4

Kranspoort as wildplaas en hoe dit bestuur word – indiepte gesprek op bl. 6

Na baie jare van gemaklik leef in 'n relatiewe misdaadvrye omgewing, het die misdadigers met mening begin toeslaan ….. bl. 9

Ons as Kranspoort inwoners is baie bevoorreg om die geleendheid te kry om die Covid-19 inenting so op ons voorstoep te kan ontvang …. Bl.10

In die natuur…. Bl. 13

Dit was ‘n groter uitdaging om die manne te oorreed om met hulle handwerk te spog in hierdie uitgawe … Bl.18

Skrywers-kompetisie…. bl 24

Fotogallery …. Bl. 30

# Hier deel ons stories en ervarings

"Winter!" En vele mense se harte sink en hulle dink aan vaal velde, kaal bome, stofstrate en koue voete. Maar tog is daar 'n skoonheid in Winter. Dit herinner my aan die frase uit AG Visser se gedig: "Was ek 'n sanger."

Was ek 'n sanger,
As winter kom
Sou'k sing van rose
In volle blom!
Dis nie net lente
wat skoonheid bring:
Die aandblom soet is
Herinnering!
Die vuur van binne
- Word buite ook koud -
Gloei dan eers helder:
Jou hart van goud!

Dit lei toe na die besluit om hierdie winter-uitgawe die fokus op "skoonheid van winter" te plaas. Wanneer jy daar op jou stoep sit en uitkyk oor Kranspoort, sien dan haar trotse winterskoonheid raak. Kyk na die grootsheid van die winterlug en die rykheid van die rustende winterveld.

Ons sing egter nie net van die skoonheid van Winter nie, maar ook van die mooie mense van Kranspoort, wat hul gawes en talente hier kom uitstal. En wanneer iemand wel 'n vals noot sing, luister dan nie daarna, maar hoor eerder die melodie en harmonie van wat Kranspoort en sy mense lewer.

Onthou ons skrywerskompetisie op bladsy 25. Dit is definitief nie bedoel vir professionele skrywers nie, maar vir elke Kranspoorter wat 'n storie het om te vertel. Ons beoordeel dus nie taalgebruik nie, maar die storie-inhoud, en vertelvermoë van die skrywer m.a.w. hoe lekker jou storie lees.

Geniet hierdie uitgawe.
Wanda
Redaksieleier

# KEK nuwe telefoonnommers:

*Kranspoortkantoor (Sanet): 079 886 4260 or 065 721 6817*
*Bystandnommers: 071 255 3774 or 071 749 7994*

*Ander belangrike nommers:*

*Hektoegang – 079 747 5466 (Tap1 vir enkele besoekerstoegang)*
*Ambulans – 064 834 5725/ 061 996 0911*
*Operasionele Bestuurder: 071 882 4866*

# Johan gesels...

Die kakofonie van herfskleure teen die rante en die inwoners wat later as gewoonlik verby my kamervenster ry, die stof wat lank agter hulle voertuie leweloos bly hang en die blou, blou wolklose lugruim getuig dit is winter in Kranspoort. Nie dat ons vreeslik koud kry in ons heerlike gematigde klimaat nie. Dit en vele meer maak van Kranspoort 'n besonderse plek.

Ek vind dat ek in die winter minder doen en meer dink. 'n Tyd vir refleksie en beplanning vir die lente en somer se oorvloed van son en energie.

This winter I have enough to keep me thinking: Security, culling, finances, communication, covid-19 adherence to our rules, amongst many more.

Many of these aspects will be covered in this bulletin or other forums in some detail. As this is the first time I have the honour of communicating with you I would like to share what is close to my heart.

We are all unique. Thankfully, or this world would have been a very boring place. But simultaneously we have a lot in common. These commonalties bind us together and often give us purpose in life.

Hierdie omgee vir mekaar en ons omgewing ervaar ek elke liewe dag in Kranspoort. Dit skep ons eie karakter en kultuur en maak ander mense jaloers wat nie hier woon nie.

Ons uniekheid veroorsaak dat ons sienswyses soms drasties van mekaar verskil. Hoe dikwels sien ons dit nie uitleef op ons groepe nie. Ongelukkig te dikwels op 'n nydige wyse. Die 'hoe' om iets te sê, is baie belangriker as wat ons sê. Dink tweemaal oor die hoe voor jy die knoppie druk.

Tussen al die belangrike aspekte waaraan ons dink en werk is daar twee gedagtes wat ek met hierdie eerste gesels by jou wil agterlaat:

Vervolg op bladsy 9




# Opsommende terugvoer uit Algemene Jaarvergadering

*Hierdie is 'n opsomming uit die notule van die Algemene Jaarvergadering soos plaasgevind op 4 Mei 2021. Die volledige verslag word eersdaags elektronies versprei en kan dan ook op die Kranspoort webwerf gevind word. 115 Kranspoorters het die vergadering bygewoon wat as buitelugvergadering plaasgevind het, volgens Covid-19 protokol.*

## Sekuriteit

Weens die huidige toename in inbrake en nagtelike rondlopers in Kranspoort, geniet sekuriteit steeds hoë prioriteit.

Meer as 80 huiseienaars maak tans gebruik van Pentagon Sekuriteitdienste (gewapende reaksie en alarm moniteringsdiens). Inspeksies en instandhouding van ons grensdrade, aanbring van lemmetjiesdraad en Opstoppergroep-aksies dra verder by tot goeie sekuriteit binne Kranspoort.

Aanbeveling aan eienaars is om altyd veiligheidsbewus te wees en ook te reël dat bure gereeld om iemand se huis stap as hulle weg is sodat vinniger opgetree kan word as daar 'n inbraak sou wees.. Rapporteer alle sake by die Polisie en Christo Landman. Verder kan 'n tweerigtingradio aangeskaf word. Hou jou radio durentyd aangeskakel. Programmeer 'n snelkiesnommer op die foon om vinnig alarm te maak. Piet bedank elkeen hartlik vir hulle onbaatsugtige diens tot Kranspoort se sekuriteit.

## Tegnies (Rudi Kruger)

Die medewerking en ondersteuning van eienaars as adviseurs lewer groot bydrae tot die suksesvolle uitvoering van tegniese sake. Inwoners wat kenners in 'n tegniese rigting is, word genooi om betrokke te raak. Daar word terugvoer gegee oor die afgelope jaar se vordering. Die aankope en installasie van 'n reservoir ter waarde van R400 000, sowel as 'n waterverspreidingstelsel langs Kranspoortrylaan wat R 180 000 beloop het. Die water is van die skoonste in Mpumalanga en daar word nou aansoek gedoen vir "blue drop" status. Nog waterreservoirs word in die toekoms beplan. Terselfdertyd word uitdagings ondersoek aangaande verouderde pypnetwerk wat potensieël miljoene rande uit Kranspoort se sak kan jaag.

## Wild- en Omgewingsbestuur.(Dawid van der Walt)

Daar is gedeeltes op Kranspoort waar die gras ‘n lae voedingswaarde het as gevolg van oorbeweiding oor jare heen. Dit beteken dat die wildgetalle aangepas moet word om graskwaliteit en beskikbaarheid van voeding te verbeter.

Daar word versoek dat indringerplante, soos sisal en turksvye in tuine uitgehaal moet word. ’n Gemeenskaplike suksesstorie was die uitroei van satansbos. Ons het die vorige jaar ongeveer 20 rooibokke verloor as gevolg van satansbos. Na meeste Kranspoorters gehoor gegee het aan die versoek, was geen verliese van diere, spruitend uit die vreet van satansbos, verder gerapporteer nie.

Rondom brandvoorkoming word eienaars gevra om lang gras in erwe skoon te sny. Grasdakhuise behoort tussen 30 tot 40 meter rondom die huis skoon te wees.

Swartwitpense en Gemsbokke is die afgelope tyd aangekoop en gevestig as ‘n resultaat van ‘n indieptestudie van inheemse diere binne Kranspoort-omgewing. Beide het besonder goed aangepas. Die gemsbokke is nou op maksimum aantal vir Kranspoort. Hulle is van kruie afhanklik, wat redelik skaars is in die habitat wat ons bied. Daar sal dus nie meer Gemsbokke in die toekoms aangekoop word nie. Die swartwitpense is relatief mak en beweeg nader aan huise en mense. Ons het die afgelope tyd ‘n 100% aanwas van ons swartwitpense gehad.

## Finansiële oorsig (Dries Lategan)

**Finansiële posisie soos op 30 Junie 2021**

Vaste bates van R1,7m is aangekoop gedurende hierdie jaar.

Voorraad het toegeneem van R163 000 na R412 000, sowel as ’n toename in debiteure van R1,2m na R1,4m. Winste het toegeneem van R53 000 na R738 888, terwyl langtermynlenings ook toegeneem het van R51 000 na R465 000 hoofsaaklik as gevolg van drie nuwe bates (2 x Isuzu voertuie en ‘n trekker). ’n Totale verbetering van R1,5m is aangeteken.

In die gedetaileerde inkomste het omset afgeneem van R1,8m na R1,5m, hoofsaaklik as gevolg van die verlies in huur van gholfkarretjies tydens die Covid inperking. Die kombinasie van omset en goeie bestuur van vaste koste is die verlies van R760 681 in 2019 omgeswaai na ’n wins van R1,5m in 2020.

## TOEKENNINGS

Die Kranspoorter van die jaar toekenning is uitgereik. Baie geluk aan die Kranspoort Heiningspan met hierdie toekenning. Die volgende persone vorm deel van die span:

Deon Taljaard
Anette Taljaard
Gert Underhay
Leon Ruthven
Theo Hurter
Adriaan Meintjies
Rita Meintjies
Pieter Kritzinger
Christiaan van Wyk
Kerneels van Wyk
Bakkies Louwrens
Koos Snyman
Harry Oosthuizen
Louis Joggensen
Martyn Lowe
Jenene Lowe
Hannetjie Kritzinder
Roelof Schoeman

Veels geluk aan hierdie span en ons bied graag ook ‘n groot “Dankie” as waardering vir onbaatsugtige diens wat julle aan die gemeenskap lewer.

## Begroting 2020/2021

Dries bevestig dat die nuwe jaar se begroting reeds deur die direksie goedgekeur en versprei is. ’n Kopie kan vanaf die Kranspoort webwerf afgelaai word. Kommentaar en voorstelle van lede word verwelkom. Heffings word verhoog met 5%, water tot op 20kl word met 5% verhoog. Die hoër watertarief gaan met 7,5% verhoog word. Hierdie is ’n poging om die waterwerke uit waterverkope te finansier en nie uit die heffings nie.

# Kranspoort Direksie 2021/22

*Gedurende die Algemene Jaarvergadering is die direksielede vir die jaar 2021/22 aangestel en beëdig. Die redaksiespan wens die Direksie alle sterkte en sukses toe met die jaar se werk en uitdagings.*

*Om deursigtigheid en 'n goeie werkverhouding te bevorder, het die Direksie ingestem om aan Kranspoorters die geleentheid te bied om hul vrae te stel – "moontlik is daardie vraag dieselfde wat in baie se gedagtes en gesprekke voorkom. Ons beoog dus om op eerlike en openlike wyse daardie sake aan te spreek en moontlike oplossings te bied."*

## Vrae en Antwoorde

Betaling van heffings: Ons woon in hierdie pragtige en goed bestuurde dorp, maar hoor van inwoners wat nie hulle heffings betaal nie. Hoe word dit hanteer?

Bestuur: Ongelukkig is daar inwoners wat hulle nie as lede van Kranspoort Eienaarskommittee ag nie en voel dat hulle daarom nie onderhewig is aan Kranspoort se reëls, of die verpligting om die heffing te betaal nie. Ons stem duidelik nie met hierdie siening saam nie en probeer dit aanspreek deur gesprekke en onderhandelinge met daardie inwoners en eienaars te voer. Daar is 'n proses in aanvang wat die wysiging van die dorpsvoorwaardes behels, en beslis hierdie probleem sal aanspreek.

Intussen is 'n komitee gestig, aangevoer deur Theo Hurter, om swak en geen betalers aan te spreek deur eienaars direk te kontak, hetsy telefonies-, persoonlik of skriftelik.

Inwoners en eienaars moet in ag neem dat die bestuur en instandhouding van 'n dorp soos Kranspoort, met hoë kostes gepaard gaan. Kranspoort se inkomste word alleenlik deur heffings verseker en is afhanklik van elke eienaar se maandelikse heffing om hierdie dienste te lewer. Ons is immers almal deel van hierdie pragtige gemeenskap en doen alles net tot voordeel vir Kranspoort.

### TOEKENNING: VRIEND VAN KRANSPOORT

Hierdie jaar gaan die toekenning aan Johan Janse van Rensburg wat as nie-eienaar in 2019/20 gehelp het met die toemaak van die Gholfklub se stoor. Hy het naweek na naweek baie hard gewerk.

Johan het intussen 'n erf by die gholfbaan gekoop en is besig om 'n huis daar te bou.

Uitdunning van wild: Kranspoort is 'n wildplaas en inwoners is trots op hulle veld, omgewing en veral die wilde diere. Nou het daar verskeie vrae ontstaan in hierdie verband:

- Hoe en hoekom word wild so gereeld uitgedun?
- Hoe word die jagters gekeur en aangestel?
- Waarom word al die 4 x 4 roetes toegemaak?
- Wat word van die diere/vleis nadat daar geskiet is?

Hierdie vrae word volledig beantwoord en aangespreek in die Operasionele verslag op bladsy 6.

**Kranspoort Direksie:**

Johan Cross:
Voorsitter
Sel nr. 083 709 0227

Rudi Kruger
Onder-Voorsitter
Sel nr. 083 325 6081

Dries Lategan
Direkteur: Finansies
Sel nr.

Steve J van Rensburg:
Direkteur: Sekuriteit, Gesondheid en Veiligheid.

Dawid van der Walt
Direkteur: Wild en Omgewingsake.
Sel nr. 082 851 8165

Theo Hurter
Direkteur: Heffings en lederegister.
Sel nr. 066 286 3232

Wynand Pretorius
Direkteur : Gholf
Sel nr. 083 279 4272

.

# Vrae en Antwoorde (vervolg):

Stofbeheer: Waarom word Kranspoort rylaan se stof nie meer beheer nie, wat het van ons waterkar geword?

Kranspoort se ou waterkar(vragmotor) het die toets van tyd en harde werk nie deurstaan nie en ernstige slytasie en breke begin toon. Dit het daartoe gelei dat die ou voertuig verkoop moes word. Dit is vervang deur 'n sleepwa met watertenk daarop gemonteer. Ongelukkig het beide Kranspoort se sleepwaens ook gebreek en is huidig ingedien vir herstelwerk. Hopelik sal ons dit binnekort terugkry en kan voortgaan om Kranspoortrylaan, op Vrydae (soos deur die Direksie bepaal), nat te spuit.

Instandhouding van paaie: Die strate in die Visse-omgewing is 'n gereelde uitdaging, wat is die oplossing daarvoor?


Met dié dat ons sleepwaens ingedien is vir herstelwerk (sien vraag oor stofbeheer), kan daar huidig nie grond ingery en opvulwerk aan paaie gedoen word nie. Intussen word die paaie, waar nodig, geskraap. Bykans 95% van die paaie in die Visse-omgewing is reeds geskraap, wat aansienlik beter ryoppervlak verseker as in die verlede.

Toegang en beheer by hoofhek: Hoe word kontrakteurs, asook mense wat aflewerings doen, se toegang by die hoofhek beheer en is dit werklik suksesvol? (Insluitend mense wat aflewerings doen?)

Die huidige vingerafdrukstelsel vir werkers binne Kranspoort verseker dat alle kontrakteurswerkers, wat langer as 'n week binne Kranspoort gaan werk, by die administrasiekantoor moet aandoen om op die stelsel geregistreer te word. Dit verleen hulle toegang tot Kranspoort deur die draaihek (turnstile) langs die hoofhek. Slegs die bestuurder van 'n voertuig mag deur die hoofhek ry, terwyl alle passasiers deur die draaihek sal beweeg. Die stelsel registreer die persoon se ingang- en uitgangtyd, volgens sy vingerafdruk en ID nommer. Daagliks word die beweging gemonitor om te verseker dat alle werkers wat ingekom het, dus ook Kranspoort weer verlaat het.


Daar was wel voorheen 'n skuiwergat in die stelsel, deurdat die werknemers slegs tot vier uur gewerk het en die monitering dus eers die volgende dag gedoen word. Hierdie proses is intussen gewysig en 'n rekenaarstelsel by die hek geïnstalleer, wat die sekuriteitsampetaar aan diens toegang gee om self die monitering te kan doen en dus enige teenstrydighede dieselfde dag gerapporteer kan word.


*Vervolg op bladsy 6*












Dagbesoekers: Is daar voldoende beheer oor dagbesoekers tot Kranspoort? (Vervolg van bladsy 5)

Dagbesoekers (insluitend aflewerings, diensteleweraars ens.) vul hulle besonderhede by die hek in en daar word 'n ingangsdokument aan hulle uitgereik. Op die dokument word die voertuig registrasienommer, bestuurder se inligting asook die aantal mense in die voertuig, aangebring. Met vertrek sal die bestuurder die dokument aan die sekuriteitbeampte teruggee, wat dan die aantal mense, teenoor die inligting op die dokument kontroleer.

Voer van diere: Waarom word inwoners in Kranspoort toegelaat om diere met die hand te voer?

Niemand in Kranspoort word "toegelaat" om diere met die hand te voer nie, inteendeel is daar al waarskuwings deur Dept. Natuurbewaring uitgereik.

Dit skrei teen alle natuurbewaringswette en -reëls en is gevaarlik. Dit is ook 'n onlogiese aksie, aangesien daar 'n persepsie gevorm word, dat daardie dier "mak" is vir mense, byvoorbeeld in die geval van vlakvarke. Wilde diere word egter nooit mak nie en kan 'n potensiële gevaar inhou vir die voerder sowel as vir ander.

Daardie dier kom dalk vriendelik voor met jou en eet uit jou hand uit, maar later loop hy verder na 'n ander woning waar 'n jong kind mag wees, by wie hy ook iets uit die hand wil eet. Indien hy nie kry nie kan hy daardie kind beseer. Ons rig dus weereens 'n ernstige versoek aan inwoners, eienaars en besoekers om nie diere met die hand te voer nie.

# Kranspoort Operasionele verslag.
## (Christo Landman en Dawid van der Walt)

### Kranspoort as wildplaas en die bestuur daarvan.

Op 28 November 1990 het die Administrateur van Transvaal in die Provinsiale Koerant d.m.v. Administrateurskennisgewing 588 en 589 ingevolge artikel 69 van die Ordonansie van Dorpsbeplanning en Dorpe van 1965, Kranspoort Vakansiedorp en Kranspoort Vakansiedorp Uitbreiding 1 tot goedgekeurde dorpe verklaar.

Na die oprigting van die wildsheining in 1996 deur 'n 78-jarige man met net 2 helpers, het die aankoop van groot hoeveelhede wild begin. Dit was die ontstaan van die wildplaas. Daar is rooihartbeeste aangekoop as eerste toevoeging tot die bestaande natuurlike wild. In 2014 koop KEK die 266 hektar addisionele grond aan. Vandag word dit herken as die deel vanaf gruisgat, Langberg en verby Jopie-se-pos.

# Kranspoort Operasionele verslag. (vervolg)
# (Christo Landman en Dawid van der Walt)

## Wildplaasbestuur

Tweejaarliks word ‘n onafhanklike natuurbewaringsinstansie genader om Kranspoort te besoek. Hulle doel is om ‘n indiepte-studie van ons velde en wild te maak. Probleem areas word uitgewys en aanbevelings gemaak. Die verslag sal byvoorbeeld aantoon waar indringerbos of oorbeweiding ‘n bedreiging vir die wild, of gesondheid van die veld is en aksies aanbeveel om die situasie te verbeter. Aanbevelings sluit gewoonlik in die verwydering van indringer plante en ook waar die plante in oormaat voorkom, asook die uitdunning van wild. Die verslag sal die drakrag van die veld aantoon om ‘n gesonde veld en voldoende voeding vir die diere te verseker.

Kranspoort beskik oor wildpermitte, wat elke drie jaar deur die Departement van Natuurbewaring hernu word. Op versoek, sal die Departement iemand na Kranspoort stuur om die inspeksie te kom doen.

Die inspeksie sluit in:

- Toestand van die wildwerende heining.
- Gesondheid van die veld, veral ten opsigte van weidingspotensiaal van die veld.
- Gesondheid van diere, inaggenome die drakrag van die veld.

Die Department lewer ‘n formele verslag wat die resultate van hulle ondersoek aantoon.
Indien hulle vind dat die veld, of dele daarvan oorbewei is, het hulle die reg om van die diere te konfiskeer.

## Wildtelling en beheer

In Kranspoort word daar van drie maniere gebruik gemaak om wildgetalle te verkry.

Die eerste manier is deur die tweejaarlikse gebruik van die dienste van eksterne diensleweraars by wyse van die benutting van ‘n helikopter. Daar word oor Kranspoort gevlieg, gewoonlik in ‘n matrikspatroon, terwyl alle wild getel word. Dit neem om en by twee dae om te voltooi.

Die tweede manier word meer gereeld gedoen en is deur die hulp van die groenlig Opstopperspan, wat snags patrollie doen. Hierdie metode word spesifiek op die dorpsgebied, tussen die huise, gefokus. Hierdie metode gee waardevolle inligting aangaande die gedrag van die wild, asook bevestiging van getalle.

Laastens help die veldwagters en Geveerde Vriende, deur verskeie staproetes te volg, of per voertuig te ry en alle wild op hulle roetes te tel en te rapporteer.

Hierdie inligting word dan verwerk en vergelyk met die ekoverslag, sowel as ‘n verslag wat Carina Koelman, nagraadse student van UNISA, aan ons lewer. Beide bied insiggewende inligting aangaande die drakrag van ons veld en maksimum aantal diere wat ons plaas kan akkommodeer. Die Departement van Natuurbewaring (Jannie Coetzee), is ook betrokke by besluitneming en bepaling van wildgetalle. Carina Koelman is tans besig met ‘n impakstudie en risiko-ondersoek op ons veld.

‘n Goeie voorbeeld uit die risikoverslag is die voedingsgewoontes van kameelperde. Die studie en risikoverslag het getoon dat kameelperde slegs 6 boomspesies vreet, wat ongelukkig relatief skaars in Kranspoort is. Volgens die verslag en die beskikbaarheid van geskikte voeding, mag ons 3 kameelperde aanhou. Die besluit is geneem om nie van die kameelperde ontslae te raak nie, maar eerder met ‘n byvoedingprogram voort te gaan.

## Uitdunning van wild

Vanuit die verskeie verslae (soos hierbo bespreek), asook insette gelewer deur die Departement van Natuurbewaring se evaluasies van ons veld, word aanbevelings gemaak van die getal wild, per spesie, wat ons veld kan dra. Dit word vergelyk met die inligting verkry uit wildtellingverslae. Hierdie inligting, met insette van verskeie kenners, word jaarliks bepaal watter spesies en hoeveel verwyder moet word.

Met groot getalle wild, byvoorbeeld rooibokke, is die aanwas soms hoër as wat uitgedun kan word en moet daar meer van daardie spesie afgehaal word. Byvoorbeeld: Rooibokke vreet 60% blare en 40% gras. Wintermaande is daar geen eetbare blare nie en vreet die bokke slegs gras. Nou is die benutting van die veld soveel hoër en kan oorbeweiding maklik voorkom. Volgens die Eko-verslag, mag Kranspoort slegs 100 rooibokke huisves, maar aangesien ons voer, mag ons 150 aanhou. Die oplossing tot hierdie probleem is dus uitdunning van wild.

In Kranspoort is daar al verskeie uitdunningmetodes toegepas. Die vang van wild met nette, jag-met-pyl en boog en dan uitskiet. Pyl-en-boogjag was nie suksesvol nie en word die ander twee tegnieke tans toegepas. Die proses van uitdunning deur die vang van wild in nette, is begin deur ‘n behoeftebepaling te doen vir die aankoop van wild deur omliggende boere. Bekwame eksterne kontrakteurs word dan aangestel. Nette word op strategies geskikte plekke geplaas, gewoonlik waar groot populasie van daardie wildsoort gereeld voorkom. Wildvoer word in die middel van die netsirkel geplaas as lokmiddel. Sodra daar genoeg van daardie soort wild binne die sirkel is, word die nette gesak. Die wild word deur ‘n drukgang na voertuie gelei, opgelaai en na hul nuwe bestemming vervoer. Hierdie jaar was die eerste jaar dat Kranspoort hierdie metode beproef en met groot sukses deurgevoer het.

Uitskiet van wild is egter die gewilde metode aangesien dit vinnig en skoon gedoen word en plaaslik hanteer kan word. Dit word met groot sukses binne Kranspoort toegepas. Uiters streng keuringsprosesse vir jagter en die skiet van die diere word toegepas. Diere mag slegs onder sekere toestande geskiet word en slegs wild geteiken vir uitdunning.
Die jagproses word volgens die die jagbeleid toegepas. Volgens die beleid word slegs kopskote toegelaat. Die afgelope twee jaar het ons ‘n 98% sukseskoers getoon met kopskote deur die jagters wat gebruik was.
Jagters word deur ‘n streng keuringsproses aangewys. Dit sluit in goedgekeurde wildjaglisensie, gelisensiëerde wapen, registrasie by professionele jagters assosiasie (nie verpligtend nie), goeie skietreputasie en voldoen aan al natuurbewarings-jagvoorskrifte. Hy moet ook aan die teikenskiettoets deelneem en slaag, voordat hy oorweeg sal word om binne Kranspoort te jag.

## Karkaste en beheer daarvan

Nadat die diere geskiet is, word die interne organe verwyder, gesteriliseer, gedokumenteer en na die koelkamer vervoer. Gedurende die besoek van die distriksinspekteur, word die organe nagegaan vir siektes, waarna dit saam met ander afvalstukke na die aasvoëlrestaurant (op die plato) geneem word. Die karkas word na die koelkamer geneem, vel word verwyder en gehang. Die vleisinspekteur sal die karkas nagaan en stempel as geskik vir menslike gebruik, asook kwaliteit van vleis.

Die vleis word verwerk in snitte volgens bestelling. Kranspoorters kan bestellings by die Administrasiekantoor plaas. Tans is die aanvraag hoër as wat verskaf kan word en word ‘n waglys gehou. Die mees gewilde versoeke is vir maalvleis, kookvleis, droëwors en biltong asook heel karkasse. Maar enige versoek vir snitte kan geplaas word.









Foto deur Hannetjie Kritzinger

# Sekuriteit en Veiligheid in Kranspoort

Na baie jare van gemaklik leef in 'n relatiewe misdaadvrye omgewing, het die misdadigers met mening begin toeslaan op Kranspoort gedurende die tweede helfte van 2019.

Verskeie maatreëls is toe inderhaas onder leiding van die Sekuriteit-Bestuursgroep ingestel, waarvan sekere maatreëls op die kort termyn meer suksesvol as ander was. Die suksesvolste was seker die vinnige mobilisering en betrokkenheid van die gemeenskap, met veral sigbare patrollering met groenligte, en die ruim vrywillige finansiële bydraes wat ons in staat gestel het om sigbare voorkomende elemente soos lemmetjiesdraad, ligte, en kameras aan te koop wat andersins nie moontlik sou wees nie.

Tydens die Inperkingsvlakke 5 en 4 vroeg in 2020, het die insidensiekoers skerp gedaal en het ons weer baie gerus geraak. Maar vanaf April 2021 was daar skielik weer 'n toename in insidente gewees en is ons genoop om weer die strategie en aksieplanne aan te pas in 'n poging om die insidensiekoers so laag moontlik te kry.

Een van die sleutelprestasieareas van ons sekuriteitstrategie is Gemeenskapsbetrokkenheid. Die twee elemente hiervan is Buurtwaggroepe en Positiewe Betrokkenheid. Indien elke lid van die gemeenskap 'n positiewe deel bydra tot sy buurtwag, al is dit net om na sy buurman se huis te kyk, waar te neem, te kommunikeer en te rapporteer, is dit al 'n baie groot bydrae. Positiewe kommentaar en ondersteuning maak dit vir dié wat meer aktiewe rolle (vrywillig) speel, soveel makliker. Hieronder val die heining-inspeksiespanne, groenlig patrollies, voorsitspanne, kamera stel en monitor groepe, ondersoek- en opvolgspanne en die groep wat al die aksies bestuur. Hierdie word alles vrywillig gedoen en is gemeenskapsgedrewe. Dit is nie moontlik vir die KEK Direksie, Bestuur, Polisie of 'n private sekuriteitsmaatskappy om vir ons as gemeenskap ons veiligheid te verseker nie. Ons as gemeenskap moet dit self doen, met hulle om ons te ondersteun.

Indien u voel u kan 'n bydrae maak, uit u agtergrond, kennis, ervaring of finansieel, tot 'n veiliger Kranspoort, moet u dit asseblief met die Kranspoort Sekuriteitsbestuursgroep deel.

## JOHAN GESELS..(VERVOLG)

Kommunikasie en sinergie. Kommunikasie is 'n tweerigting proses. Ek put uit die kritiek (gesonde) wat teen my, die bestuur en KEK geopper word. Dit laat my twee maal dink en dieper in die grysstof delf. Ek nooi jou uit om met my te gesels en heelhartig te verskil. Moenie agteraf my of KEK beskuldig of afmaak of nydige opmerkings op sosiale media maak nie. Niks is vir my 'n heilige koei nie, gesels gerus.

I strongly believe working together makes us stronger. By adding your uniqueness to the communal pool of knowledge will continuously improve us as an organisation and community. I urge you to get involved in the numerous forums and actions happening in Kranspoort. By reading this Bulletin you will be amased what is on offer for you to get involved. Just do it.
AS ons weer gesels is die veld in blom. Geniet intussen die warm pantoffels, kaggel en rooiwyn. Bly veilig.

Johan Cross

# COVID 19:  Die derde golf grootste nog.

*Ongevraagd, ongehoord, ongesiens, ongelukkig tref hierdie 3de golf van Covid 19 ons toe ook. Getrou word maskers weer gedra. Ek het gaan inloer waar die +80's en +60's hulle inentings ontvang en was beindruk met die goeie organisering en entoesiasme waarmee dit aangebied was. Dankie Werda.*

## Dr. André Grobler van Middelburg verduidelik.

Die derde vlaag van Covid-infeksies is voorspel, en het, volgens alle aanduidings arriveer, ook in Middelburg en sy omgewing. Vrae dwaal in almal se koppe.

Wat is dit? Sien dit as 'n virussiekte, soos die verkoue en griep elke jaar. Griep het komplikasies, soos longaantasting - Covid het ook.

Wat moet ons doen met die siekte? As jy siek voel, hanteer dit soos griep en verkoue elke jaar; drink jou gewone medikasie en boererate. As jy ná 'n dag of twee nie beter voel nie, of jy raak sieker, moet ASB nie by die huis bly nie, maar skakel jou dokter en kry betyds hulp!

Wat doen ek in geval van 'n positiewe Covidtoets? Kry medisyne by jou dokter, isoleer tuis vir 10 dae, kontakte moet ook isoleer, nie nodig om te toets nie, behalwe as hulle siek word. Indien jou siektetoestand vererger (veral as jou bors benoud raak), moenie huiwer nie. Praat vroegtydig met jou dokter!

Wat van die vaksiene? Ja, Ja, Ja! As jy gaan stap is jy altyd beter af mèt 'n kierie, as sònder een!
Wat doen ek persoonlik om veilig te wees? Saniteer, masker, hou sosiale afstand en bly weg van mensemassas!

## Wat sê die Kranspoorters van die vaksieninentings



"Ons as Kranspoorter inwoners is baie bevoorreg om die geleentheid te kry om die Covid-19 inenting so op ons voorstoep te kan ontvang. Baie was nie geregistreer nie, maar daar was niemand weggewys nie. Hierdie is 'n baie positiewe gebaar van Department van Gesondheid sowel as die organiseerders, om dit vir Kranspoort gereël te kry. Dit terwyl die eerste fase (Zisonkie) nie baie suksesvol was nie. Ons wil graag ons dank en waardering aan Werda en haar span oordra vir uitstekende reëlings.

Aanvanklik het ek baie getwyfel of dit die regte ding is om te doen, maar die oorwegende rede daarvoor was al die negatiwiteit en soms vals boodskappe wat versprei word. Selfs vele mediese kenners was uitgesproke en baie teenstrydig in hul boodskappe.

Die derde fase van hierdie pandemie het toegeneem in erns en skielik het almal iemand geken wat Covid19 het of selfs mense verloor het as gevolg daarvan. Elkeen kan nou "name" noem van so iemand.  Dit het my weereens laat besef Ons Hemelse Vader sal ons nooit begeef of verlaat nie. Ek het die besluit om inge-ent te word 'n saak van gebed gemaak, en die oggend voor die inenting, het die boodskap duidelik deurgekom. My liggaam is 'n tempel van God en hy het my die verantwoordelikheid gegee om dit op te pas. Ek kon nie toelaat dat 'n bose bakterieë my liggaam besmet nie.

Na baie gesprekke met baie mense blyk dit dat mense steeds negatief en bang is om inge-ent te word. Dis hul persoonlike reg om die besluit te neem. Mense moet nie die media gebruik om namens hulle te besluit nie, selfs die mediese kenners verskil van mekaar. Gesels eerder met iemand wat reeds daardeur is, en hul ervaring van die erge siekte toestand met jou te deel. My persoonlike gevoel is, as jou verhouding met God reg is, sal jy weet wat jy moet doen. – Wynand Pretorius

## Suster Adelle Lamprecht praat met die Kranspoorters



Die entstof of vaksien wat tans goedgekeur is, is die Pfizer-entstof. Dit vereis dat twee toedienings, 42 dae uitmekaar, verkry moet word. Na die toediening van entstof kry die persoon 'n dokument as bewys daarvan. Hierdie dokument moet bewaar word en weer met die tweede toediening getoon word. Die bewys bevat jou naam, identiteitsnommer, entstof wat gespuit is, met die verpakkingsnommer en laastens die naam van die mediese beampte wat die entstof toegedine het.


Newe-effekte is matig met tipiese simptome soos hoofpyn, lyfseer en effe koors. Die arm waar die spuit toegedien is kan wel seer en kliere onder die arm kan moontlik swel. Dit beteken net dat u liggaam hierdie entstof aanvaar en besig is om teen-liggaampies op te bou. Gebruik gerus enige pynverligter. Almal kan die entstof ontvang, ook leiers van kroniese kondisies, soos hoë bloedruk ens. Indien daar 'n griepinspuiting toegedien is, word die pasiënt aanegeraai om 2 weke te wag voor toediening van die entstof. Indien jy redelik onlangs positief getoets het vir Covid19, is daar ook 'n wagperiode van 3 maande voor toediening van die entstof.
Indien simptome vererger, kontak dan jou huisdokter. Noem ook dat jy die entstof ontvang het, sodat jou dokter die regte besluite kan neem aangaande toediening van medikasie.



Frits en Rina de Wit sê hulle was eers skrikkerig, maar nou staan hulle sterk. Rina was die eerste 80+ er wat haar inenting ontvang het.



Thomas Zango, afgetrede Kranspoort werker is dankbaar vir hierdie geleentheid.



Bella Nelson was beïndruk met die goeie organisasie.



Registrasie en 'n kort gesprek met Suster Adelle



Kranspoorters wag hulle beurt af.



Johan het 'n uitstekende "Uber"-diens gelewer

# Operasionele verslag (vervolg)

## Veld- en weidingbestuur

Soos reeds genoem, word daar gereeld evaluasies van ons veld en weiding gedoen. Daar word deur professionele kenners aan ons uitgewys waar daar probleem-areas bestaan. Deel van ons veldbestuur plan is om sulke areas te herwin. Byvoorbeeld die veld by die Gruisgat, waar ons reeds gras hervestig het. Dit is ‘n deurlopende proses wat met groot sukses bestuur word.

Die tweede aksie is die uitroei van indringer bome, bosse en kleiner plante. Dit sal met grasse en eetbare bome en plante vervang word. Alles lei tot die verbetering van ons veld. Een van die grootste risikos wat uitgewys is deur Natuurbewaring, is Sisalplante. Sisal is giftig vir wild en dus ‘n groot bedreiging.

Ongelukkig word dit steeds in dorpstuine in Kranspoort aangeplant of is nog nie verwyder nie, wat tot vrektes onder die wild lei. Inwoners word versoek om asseblief alle indringer plante uit hul tuine te verwyder. Daar bestaan ‘n natuurbewaringspraktyk en reëls waaronder ‘n boete van tot R5000 vir die aanplant van Sisal in tuine, uitgereik kan word.

## Hoe kan ek betrokke raak en ingelig bly insake Natuurbewaring.

1. Bywoning van die Omgewingsbestuursvergadering. Weens covid-vlak 4 inperking is die Julie vergadering uitgestel tot verdere kennisgewing. Hierdie vergadering is oop vir die gemeenskap en neem hoofsaaklik die vorm van ‘n inligting- en besluitnemingsessie aan. Gedurende die volgende sessie sal deur Dr. Johan Oosthuisen (UNISA), inligting rakende wildbestuur met die vergadering deel.
2. Bekom die Eko- fokusverslag (beskikbaar by die KEK Administrasiekantoor) en bestudeer die inhoud daar-van om beter begrip te kry aangaande die stand van die veld, wild en aksies voortspruitend uit aanbe-velings daarin. Hierdie dokument vorm die riglyn vir bestuur van die wildplaas.
3. Raak onslae van daardie indringerplante in jou tuin. Op die Kranspoort webwerf kan ‘n lys afgelaai word van indringerplante. Gaan besoek gerus die werf en raak bekend met die plante wat skadelik vir ons omgewing is.
4. Gaan stap die Kranspoort grensdraad. Die grensdraad- inspeksiespanne stap weekliks rondom die plaas om die wildwerende heining te inspekteer. Die om-en-by 15 km grensdraad word deur twee spanne nagegaan en herstel waar nodig, terselfdertyd maak hulle sommer ‘n kuiergeleentheid daarvan. Sluit gerus aan, skakel vir Deon Taljaard(0836480491) om meer daaroor uit te vind.
5. Help voer die diere gedurende die wintermaande met die aanvaarde, goedgekeurde voeding. Voer word te koop aangebeid teen kosprys by Kranspoort Administrasiekantoor. Skakel gerus vir Christo Landman (0657216817).
6. Sluit by die veldwagters aan. Hierdie span is betrokke by alle natuurbewaringaktiwiteite, soos wildtelling, herstel van voetslaanpaaie, merk van bome met boomnommers, ens. Kontak gerus vir Johan Botha (0763322773) om aan te sluit of om meer daaroor uit te vind.
7. Sluit by die Geveerde Vriende aan. Hulle passie is om die voëls van die omgewing waar te neem, te identifiseer en te dokumenteer. Skakel gerus vir Elsie Cross(0832365547) om meer inligting te bekom.


Foto deur Anmar Scheepers

# In die Natuur (Kranspoort se bome – Deel 3)

## Marlotti alwyn (*Aloe Marlothii* )







Hierdie aalwyn kom algemeen in Kranspoort voor en is enkelstammig. Dit kan van 2 tot selfs 6 meter hoog word.

Blare en blomme
Die blare is breed, dof tot grysgroen met donkerbruin tande. Die droë blare bly agter aan die onderste dele van die stam. Die bloeiwyse is vertak , met sowat 20 tot 30 raseme. Die raseme is gewoonliik duidelik horisontaal. Die blomme is meestal helder oranjerooi, maar wissel van helderrooi tot geel. Die blomtyd is gewoonlik van Mei tot September. Ons waarneming is dat die aalwyn nou eers begin om blomme uit te stoot. (Einde Junie)

Die Aloe Marlothii kom in groot getalle voor en word nie bedreig nie. Die herkoms van die naam: Daar is verskeie volksname soos Bergaalwyn, Boomaalwyn, “Mountain Aloe” “umHlaba” of “imiHlaba” (Zulu) en Kgopa (Sotho). Die wetenskaplike naam gedenk H.W. Rudolph Marloth, beroemde plantkundige Verwysing: Gids tot die AALWYNE van Suid Afrika deur Ben-Erik van Wyk en Gideon F. Smith

## Olienhout Boom/Tree (Olea europaea)





Dis van die “olive family” (Oleacea) SA no 617.
Die naam is van Latynse oorsprong vir Olive, en Africana van Afrika.

Beskrywing van die boom: Kleinerig(10m) en immergroen; kroon spreiend, redelik yl - soms dig ; stamme gewoonlik kort en krom, geduik en knopperig in oop veld, maar in boskasies lank; ou stamme donkerbruin en skurf; bas breek op in klein blokkies.

Blomme en vrugte: Die blomme is baie klein en dis in trossies naby in die blaaroksels naby takpunte. Dit verskyn gewoonlik November/Desember. Die vrugte is ook klein, amper rond tot ovaalvormig, skil en vrugmoes dun en omsluit enkele saadjie, persswart by rypwording.(Maart/April). Die vruggies is bitter en smaak glad nie soos wat ‘n mens verwag olywe moet smaak nie.

Hout
Die hout kan gebruik word vir heiningpale. Dit is ook waardevol vir die maak van meubels. Hierdie is ook ‘n gunstelingboom vir bonsai liefhebbers, brandhout en in in tuine, maar omdat dit soms n aggresiewe wortelstelsel het, is dit raadsaam om dit nie te naby aan huise te plant nie.

Interessante feite
Die blare kan gebruik word om tee te maak. ‘n Aftreksel van die blare kan gebruik word vir oogdruppels vir mens en dier, maar ook effektief vir seer keel. Snuif gemaak met droë blare help om neusbloei te stop.

Bronne: Making the most of Indigenous trees (Fanie en Julye-Ann Venter) SES EN SESTIG TRANSVAALSE BOME ( B de Winter, Mayda de Winter en DJB Kikkick )

# In die Natuur: "Daar loop 'n skilpad in die pad, ek tel hom op, hy maak my nat…." Met erkenning aan: Bron: Huisgenoot se Ons Wonderlike wêreld.

Elsabe se pers gemerkte skilpad.







**Luiperdskilpad (**Stigmochelys pardalis)
**South Africa** in Suid Afrika kom daar 12 skilpad spesies voor, maar die Luiperdskilpad is die enigste wat inheems tot Kranspoort is.

In Aesopus se beroemde fabel oor die skilpad en die haas, is die haas so seker dat hy die sklipad in hul resies sal klop, dat hy halfpad besluit het om n rukkie te dut. Hy boet bitter vir sy selfversekerheid. Toe hy weer sy oë uitvee, ploeter die stadige ou reptiel oor die wenstreep. Skilpaaie is inderdaad trae harmansdruppe, maar soos die een in die fabel, kan hulle eenstryk aanhou en boonop verrassend ver kom, ten spyte van die swaar dop en dik, stomp pote.

Soos ander reptiele is skilpaaie koudbloedig. Skilpaaie lê elke oggend in die son sodat hulle liggame kan warm word om behoorlik te funksioneer. Op koue plekke hiberneer hulle deur hulle in die grond in te grawe of skuil onder plante en bly in hierdie slaaptoestand tot die lente kom.

Die meeste skilpaaie vreet slegs plante, hoewel party ook slakke, naak slakke, wurms, duisendpote en insekte verorber. Hulle het nie tande nie, maar horingagtige bekke met skerp kante om blare af te skeur of stukke vleis fyn te sny. Die kos word ingesluk sonder dat hulle dit kou.
Die dop waarvoor die skilpad so beroemd is, beskerm die dier. Wanneer hy in sy dop kruip, is die kop, pote en stert gewoonlik buite bereik van n vyand.

Hoewel die vorms , kleure en patrone van die doppe van verskillende soorte skilpaaie verskil, bestaan alle skilpaddoppe uit twee lae: n buitelaag van horingagtige plate en 'n benerige binnelaag. Die horingagtige plate vorm groeiringe en wanneer n skilpad twintig jaar oud is, hou hulle op groei. 'n Mens kan wel die ouderdom van n jong skilpad bepaal deur die getal groeiringe te tel.

Skilpaaie teel aan deur eiers te lê, wat hulle in gate in die grond begrawe. Na die wyfie dit gelê het, los sy dit aan die genade van die son en eiervretende roofdiere. Inkubasietyd is gewoonlik agt tot veertien maande, maar kan tot drie jaar duur. Die babaskilpad het 'n skerp uitgroeisel , wat die eiertand genoem word, aan die bokaak, waarmee hy sy pad uit sy dop-gevangenisse oopknaag. Die eiertand val later af. Sodra hulle uitgebroei het, begin die klein reptieletjies hul wêreld verken.

## DIE VERHAAL VAN PENNIE( Herhaling op spesiale versoek)

Pennie, Penniebok, Pennie Schoeman of Pennie die mak Koedoe se verhaal het met haar geboorte op 25 Februarie 2014 begin.
Binne ure die oggend moes ons van koedoe grootmaak, 'n klomp goed leer. Die belangrikste was seker dat indien jy jou verbind om koedoe se kind aan te neem moet jy voluit gaan, want 'n maklike kind was sy nie gewees nie. Soos enige baba is aandag gee 'n voltydse taak. Kos voorberei en gee, die maag dophou en medisyne aandra. Ook natuurlik besoekers akkomodeer wat vir Pennie kom kuier, is maar van die takies gewees wat ons daaglikse aktiwiteite geword het.
Kos gee moes baie vinnig die oggend gedoen word. Maar wat gee jy vir 'n pasgebore koedoekalf, en hoe? Haar eerste voeding was 'n bietjie lou melk uit n bottel met 'n rubber handskoen vinger met 'n gaatjie in. Hier lê nie meer bottels met tiete rond nie, en op daardie stadium is daar nie mensbabas op Kranspoort gewees waar 'n tiet geleen of gedeel kon word nie. Die koöperasie op Groblersdal kon darem help, maar nie met melk nie. Die nuus versprei so vinnig van die kalf dat 'n veearts van Thabazimbi af laat weet: bly weg van beeskalf of

skaaplam-voeding af! Sy gaan doodgaan van honger. Koedoekoeimelk se vet- en proteïn inhoud is klaarblyklik vyf keer hoër as die van beesmelk. Haar bottelvoeding het dus bestaan uit volroom melk - van SPAR se rak af - met rou eiers gemeng - van SPAR se rak af - en ‘n klein bietjie olyfolie daarin vir die vel. Dit is immers ‘n meisiekind. Op drie maande oud is dit by die 6 liter melk en 15 eiers per dag gewees.

Op 4 weke ouderdom, toe dit duidelik was dat Pennie gesond is en gaan oorleef, het sy haar eerste juweliersware, ‘n pienk “tag” in die oor gekry met haar naam en selfoonnommer daarop. Die het later verdwyn en die gaatjie in die oor is al wat agter gebly het, en sy weier ‘n nuwe oorbel.

Soos enige tiener het sy van 6 maande oud af begin wegdwaal van die huis af maar aand na aand teruggekom tot op ‘n stadium waar sy saam met n trop Rooibokke begin loop en uitgeslaap het in die veld.
Mooi jong meisie wat sy was, het n Koedoebul haar raakgesien, en het Pennie op 2 jarige ouderdom ons almal verras met ‘n pragtige kalf wat sy lank weggesteek het. Vandag spog sy al met 5 kinders.

Sy kom nog steeds huis toe, al is dit net vir ‘n lekkerny, en sy weet waar is die bederfplekke in die dorp. Maar sy het ten volle aangepas in Kranspoort se wilde omgewing. Wanneer sy by die huis is, kry sy ‘n vinnige ondersoek maar vandat sy vrou geword het mag haar pa nie meer enige plek vat en vryf nie!
Oor die jare het Pennie baie aandag geverg maar ook baie plesier gegee, vir ‘n menigte kleinkinders van Kranspoort, oupas en oumas, besoekers vanoor die land en selfs die wêreld. Besoekers uit België, Amerika en Brittanje het al vir haar kom besoek en sy verskyn op facebook blaaie oor die wêreld.







## Koos van Kranspoort (deur Jeanne Tosen)



Die naweek voor Paasnaweek ontdek ons vir Koos, ‘n baba-kransduif, wat deur die skoorsteen, in ‘n skoppie op die braai geval het.
Ons het dadelik op die Kranspoortgroep om hulp gevra. Ek het gehoop dat ‘n eensame persoon hom graag sou wou grootmaak, maar nee, geen positiewe reaksie nie.
Ons moes maar probeer om vir Koos aan die lewe te hou. Hy kon nog nie self eet of vlieg nie en hy het nie gevra om in ons huis te beland nie.
Ons het vir Koos in ‘n boksie orals saam gevat, selfs weg vir paasnaweek. Hy moes immers elke 4 ure deur die dag gevoed word. Na die naweek wou Koos skielik vir ‘n paar dae nie meer eet nie en ons het gesien sy beentjie was geswel, weet nie of iets hom gebyt het nie. “Dit was net te veel onkunde en stress! Ons gaan die arme ding laat ly…”. Hartseer het ek vir Leon gevra om van Koos ontslae te raak en gedink ek sal maar later die hartseer nuus kry oor wat Leon het hom gedoen het. Dit is immer vir niemand lekker om so daad uit te voer nie.
Later die oggend bel Leon my: ”Toe ek met Koos by die trappe afstap, het hy so soet geword, dat ek hom maar stilletjies op sy plekkie gaan neersit het. (ek dink hy het geweet wat vir hom voorlê)… Iedergeval ek dink hy is honger!”
Ons het die beentjie gedokter, Koos het weer begin eet, maar dit was nie die einde van ons gesukkel om baba-Koos groot te kry nie. (Ouerskap was nog nooit maklik nie!)

Na ‘n uitdagende voeding het daar ‘n paar papklonte aan sy nekvere vasgesit. Leon het een klont mooi met ‘n skêr afgeknip. Maar daar was nog een … trek die vere bietjie uit… knip, knip en woeps, daar sny hy ‘n gat in Kosie se keel! Ag, krisis! Dit het gebloei, maar uiteindelik ook weer reggekom.
Leon het Kosie gereeld buite neergesit, sodat hy die omgewing kan leer ken en ander voëls hoor. Getrou het Leon altyd by hom gestaan. Die eerste koue Sondag het Koos egter vir Leon net ‘n vuil kyk gegee, omgedraai, teruggestap voordeur toe en vir Leon daar gelos. Ons het so lekker gelag.
Koos geniet dit om nou en dan saam met Leon te “stort”. Hy eet nou self, en volg ons orals in die huis rond. Skemeraand gaan klim hy self in sy slaapboks en wag dat ons hom kom toemaak.
Van die oomblik wat hy nie meer gevoed hoef te word nie, mag ek hom nie meer vashou of optel nie nie. Elke oggend kom soek hy eers skoor met my, maak snaakse geluide, pik my skoene en ruk aan my veters. As hy genoeg gehad het, sit hy langs my en bak in die son. As my hande naby hom kom laat spaander hy met ‘n hol rug, lyk soos ‘n fisant wat weghol. As Kosie op Leon se skouer of skoot sit en ek kom naby hom, pik hy my. Ons dink hy is dalk ‘n sy!

# Vonkelvroue



## Vonkelvroue: Serpe projek 2021

Die Vonkelvroue se dames was ywerig aan die brei en hekel aan serpe wat hulle saam met lekkergoedpakkies oorhandig het aan Dewagendrif Laerskool, Graad 1 tot 3 leerlinge op 26 Mei 2021.



## MEESTER IN DIE KOMBUIS

Ambelene of Ninie soos sy alom by baie bekend staan, is gebore en getoë op ‘n plaas te Boshoek, naby Sun City.
Haar ouers het saam met haar grootouers, Charlie en Bellie, geboer en uiteraard was daar altyd ń gewerskaf in die kombuis. As daar nie konfyt gekook was nie dan was daar botter gemaak, brood geknie en gebak, vleis verwerk van ‘n bees, vark of skaap en Saterdae was ‘n hoender gevang en geslag vir die Sondag feesmaal. Die kombuis was altyd die hart van die huis en ‘n miernes van bedrywighede.



Haar ma was ‘n kranige bakster en naaldwerker en Ambelene het aan moedersknie die kuns van kook en bak geleer.
Sy het vir baie jare spyseniering vir groot maatskappye se gaste van oorsee gedoen asook privaat funksies en troues. Uiteraard het dit gelei tot die ontstaan van haar restaurant: “The Silver Spoon” in Middelburg. Na 15 jaar in die bedryf het sy haar besigheid verkoop en haar fokus gerig op haar groot passie, nl. Gebak.
Sy het tweede gekom in die nasionale landwye Melktert kompetisie waar sy ŉ Kenwood as prys losgeslaan het. Na uitnodigings van vele VLU takke in Mpumalanga het sy demonstrasie en klasse begin aanbied. Sy sit nou haar passie vir demonstrasie en klasse voort hier in Kranspoort.

---

*Klein Jannie en sy gesin eet Sondagmiddag by Ouma. Net toe almal aan tafel is, begin Ouma die kos opskep.*
*Toe Jannie sy bord kos ontvang, begin hy dadelik eet.*
*"Jannie, asseblief!!" sê sy ma. "Wag asseblief tot ons gebid het."*
*"Ek hoef nie," sê hy dadelik.*
*"Natuurlik moet jy!" antwoord sy ma. "Ons bid altyd voor ons by die huis eet."*
*"Ja, maar dit is by ons huis" verduidelik Jannie. "Maar hierdie is Ouma se huis, en sy weet hoe om te kook."*

---



# Kranspoort hou kunsuitstalling.

























# Kranspoorters wys hul vernuftigheid. (Deel 2)

*In hierdie deel van "Crafters" in Kranspoort het Trisha besluit dis tyd om aandag aan die manne te gee. Sy verduidelik: "Dit was 'n groter uitdaging om die manne te oorreed om met hulle handwerk te spog in hierdie uitgawe. Hulle verkies om in die agtergrond besig te wees met houtspeelgoed, braaikassies, skilderyrame, ens. Dan is daar die prys-maak-kwessie vir 'n mede-Kranspoorter, daarom word die meeste van die artikels beskikbaar gestel in Die Winkel."*



Kleurvolle waterbottels vir voëls word deur Martyn gemaak.

## Martyn Lowe

Om nie kleurstof in die water te gooi nie, "powder coat" hy die bottels. Tans toets hy donkerkleure en ook die gebruik van plastiekbottles.
Hierdie aritkels is beskikbaar by Die Winkel.



## Fonnie v Vuuren





Fonnie hou homself besig met metaalwerk bv papierrolhouers, rakkies in storte, rame ens.
Besoek gerus
Die Winkel.






## Lood Lowies

Lood se miniatuur artikels is 'n toonbeeld van noukeurigheid. 'n Mens kan nie help om te wonder hoe sulke klein goedjies met soveel presisie vervaardig kan word, met sulke groot hande nie.







## Dave vd Linde



Dave hou homself besig met vervaardiging van 'n verskeidenheid van artikels wat by Die Winkel beskikbaar is. Hy maak braai makliker met 'n langborsel om die braairooster mee skoon te maak en 'n struktuur om hout te split met behulp van 'n hammer.



Maar dit is die nagapie tafel wat die aandag trek. Die bakkie is vir jogurt en heuning. Twee gaatjies om suigstokkies staan te maak. Die spykers is vir vrugte.

# Kranspoort Jukskei Klub presteer uitstekend.

Nieteenstaande die beperkings wat COVID19 teweeg gebring het gedurende die 2020-2021 jaar, het die Kranspoort Jukskei klub homself deeglik laat geld in die Mpumalanga Jukskei Federasie (MJF) liga.

Dit was dan ook die eerste jaar wat die klub as volwaardige klub in die MJF se liga deelgeneem het. Kranspoort klub skryf nie minder as 5 spanne vir die liga in wat die grootste aantal spanne per klub was. Naas die Kranspoort A en C2 spanne vaar die ander 3 spanne uitstekend met die D span wat as liga wenners en die B en C1 spanne wat as naas wenners uit die stryd tree.

Kranspoort klub eindig in die klubafdeling algeheel tweede naas Witbank, wat voorwaar n fantastiese prestasie is, as in ag geneem word dat daar ander klubs soos Middelburg en Belfast asook Komatipoort mee-geding het in die onderskeie ligas.

Kranspoort klub word dan ook aangewys as die klub van die jaar met sy besonderse prestasies vir die seisoen.

Verdere toekennings het gegaan aan Johan Botha wat as erelid erken word vir sy bydrae to die uitbouing van die klub tot n volwaardige geregistreerde klub.

Die huidige voorsitter van Kranspoort klub, Johan Oosthuizen word dan ook tydens die MJF se Algemene Jaarvergadering verkies tot die nuwe Visie-President van MJF.

Voorwaar ‘n baie suksesvolle jaar vir die Kranspoort klub.



Die nuwe seisoen begin alreeds weer in Augustus en wil ons inwoners van Kranspoort uitnooi om deel te word van die klub.

Oefeninge vind op Dinsdag en Donderdag middae plaas vanaf 4 uur en elke ou of nuwe speler is baie hartlik welkom. Kranspoort wil graag verbeter op die afgelope jaar se prestasies en daarom nooi ons u elkeen hartlik uit om lid van die klub te word. Elke Donderdag se oefening word dan ook afgesluit met n gesametlike bring-en-braai by die klubhuis.

Skakel gerus die sekretaresse Dorothy by die volgende nommer 0828728577 indien u meer inligting verlang.

Jukskei groete
Johan Oosthuizen

# Aandag al die Hengelaars!



Wanneer jy droom, droom jy groot! So glo Tok van Schalkwyk, Sameroeper van die Hengel Aksiegroep in Kranspoort.

Tok en sy Vrou Marie het in Januarie 2021 Kranspoort hul permanente tuiste gemaak. Hy word onmiddelik ‘n Kranspoorter in murg en been. Baie lief vir hengel en besluit daar moet ‘n plan gemaak word om die Kranspoort Dam beter te probeer benut vir Kranspoort se hengelaars. Die dam beslaan sowat 1200 meter waarvan slegs onge-veer 30 meter tans benut kan word om te hengel as gevolg van die toeganklikheid na die waterkant.

Tok hark ‘n paar manne nader en so ontstaan die Hengel Aksiegroep. Die lede bestaan uit:

Tok van Schalkwyk (Sameroeper)
Christo Landman
Dawid van der Walt
Eric Swanepoel
Tollie Rautenbach
Piet Knoetze
Peter Scott
Piet Valks

Christo Landman en sy manne, Richard, Johannes en Piet spring in met hul laaigraaf en stoot nog ‘n stuk grond oop, net neffens die bestaande hengelplek.

# Kampvuurstories



## Tiesj : Weerkaatsing van melewe. (Fanus Rautenbach)

*Wie sal nou nie vir oom Fanus Rautenbach onthou nie. Met sy besonderse skryfstyl en sin vir humor. Hierdie uittreksel is vanuit sy boek "Tiesj". Die boek is gevul met sketse uit sy kinderdae wat meestal in die voorstede van Johannesburg afspeel gedurende die depressie in 1938, insluitend hulle trek vanaf Lichtenburg na Johannesburg, per donkiekar, en natuurlik al die kleurvolle mense wat sy lewe verryk het.*



### My pa vertel…

Dis 'n mooi dag. Daar waai nikse wind nie en die lug is blou – blou bokant Westdene se Bloudam en oor die Steenoonde. Dit is 1938 en ek (Fanus, toe nog Fanie, soos my familie my noem) is 10 jaar oud. Die jaar toe ek gebore is , 1928, was 'n skrikkeljaar.

Dit is vandag Woensdag, daarom is ek op 'n Sondag gebore. Kallie, my broer, het dit uitgewerk. Daar is 'n resep – mens noem dit 'n formule – maar ek kan nie sê hoe dit werk nie, want Kallie is die een wat slim is met matesis.

My pa sê op Lichtenburg het ons in Buitekantstraat gebly – oorkant die tronk gewoon – gebly; net ryk mense woon.

My pa (Frans Rautenbach) vertel toe ek twee jaar oud was, was my ma by die bure en ek besluit ek is honger. Die brood wat my ma self gebak het, het sy in 'n groot broodblik, 'n Bakers blik, gebêre. Ek het brood in die blik gesoek, my kop te diep ingesteek en ingeval. Net my voete het uitgesteek. Toe gil ek blou moord en ek roep na my ma. Ek begin soos 'n skilpad draad toe kruip. Dit was net een bloudraad. Daar het my ma en die langsaantannie my gekry.

" Dis 'n mooi blik", het die buurvrou gelag. " die blik het voete gekry!"
Ek is op een of ander manier al skreeuende onder die bloudraad deur. Daar het my ma gesien my blik het 'n naam. Sy beginne spel. S.A.B.C. South African Biscuit Company.

Dis 'n ware verhaal wat my pa later opgemaak het………

## Die Coetzee's van Bitterfontein

Die Rautenbachs trek vanaf Lichtenburg na Vrededorp – 'n voorstad van Johannesburg. Hulle trek het 'n donkiekar – 10 donkies. Met Kallie, Fanus se broer, as die poenskop touleier. In sy kakiebroek, kaalvoet, moeg. Kallie het gewonder of mens met 'n fiets kan toulei. Ons ken almal die Groot Trek. Maar die oorsaak van die Groot Donkietrek was depressie. Depressie en Droogte en Sprinkane.Vir ons kinders was die 'n veetien-dag lange piekniek. Op trek van plaas na plaas na dorp. Tien donkies en 5 kinders bo-op die trek.

Agterna kom Mammie en Pappie met die perdekar. Ons maak die pad kort met speletjies. Ek sit op die wa, kaalvoet, met kakiebroek, kakiehemp en laphoed.

Een aand slaan ons op die plaas Bitterfontein kamp op. Maar ons moet eers iets doen voordat ons kan uitspan.
“ Boet, Mamma se ou stuurman, vat die melkemmertjie en gaan vra vir die huismense of ons hier mag oorbly vir die nag. Vra dan sommer of ons nie kan melk koop nie.”
“Ek moet altyd gaan,” maak ek beswaar. “ Kan een van die meisiekinders nie gaan nie?”
“ Hulle is bang meisiekinders, en ‘n mens weet nooit,” sê my ma.
“ Dan Kallie. Hoekom kan hy nie gaan nie?”
“ Kallie het die hele dag tougelei. Hy het seker al tien myl geloop vandag.”
“Maar as jy bang is, sal ek gaan,” lê daardie snip van ‘n sussie haar eiertjie.
“Ek sal gaan. Lyk my ek is al man hier.” En ek kyk na waar my pa en Kallie besig is om ‘n kampvuur aan te slaan.

Ek kry nie net melk nie by die plaasmense nie, maar ook water vir die donkies, ‘n varsgebakte brood en plaasbotter. En ons is baie gelukkig, want hulle het net daardie dag geslag: ons kry ons karmenaadjie. Ook dertien eiers. Ek gee vir hulle ‘n dopemmer vol ertappels, al waarvan ons heelwat het. Party word al groen en ander begin uitloop, maar niemand gee om nie.

Toe Pappie hulle uit die wakis haal, kry hy ‘n snaakse laggie” Depressie se moeeer!” Hy kan dit nie help nie, en voeg by: “Sê die tannie moet die deure toemaak, die ertappels wil uitloop!” My pa, altyd tyd vir ‘n grappie. So dink ek daar by die vreemde, goeie mense.

“Hoe moet ek vir my ma-hulle sê wie al hierdie goed vir ons gegee het, vra ek terwyl ek gemmerbier drink. Ek is nou eers bly ek het self gekom en nie Suster, Kallie, Suss of Dolly nie. Ek is goed hiermee.
“Ons is Coetzee” se die tannie. Sy is groot met amper ‘n snor op haar bolip. “My naam is Jacoba. Die oom se naam is Giel. ‘n Regte stofpoepertjie.”

Ek skaam my so vir die tannie, ek laat amper die eiers val. “Hier is meer as ‘n dosyn. Hier is dentien eiers,” se ek bewerig. “Iemand het verkeerd getel.”
“Dis oom Giel,” se tant Jacoba. “Oom Giel tel nie eintlik nie.”
Toe sien ek die twee meisiekinders. Hester en Anna. Veral Anna. Haar hare is gevleg en om haar kop gedraai. Haar vel is deurskynend, haar oë is bruin. Sy’t druiwe-oë soos my ma. Sy is ‘n engel en ek gaan haar nooit weer sien nie. Maar toe praat oom Giel:
“Wat is jou naam? Ek moet weet, verstaan?”
“Hulle noem my Sebastian,” se ek. En ek wonder hoekom ek jok. Sebastiaan is my speel maat. Maar hy’s net in my kop. Nee, ek weet nie! Ek wonder nie. Sebastian klink so groot en sterk, terwyl Fanie soos ‘n regte piepeliefie klink.

Oom Giel kyk rond of Jacoba hom nie dalk hoor nie.
“Basjan…”
“Nie Basjan nie! Sebastian!” skree ek kwaad.
“Askies, Sebastian. Ek sal onthou, verstaan? Sê my, is daar werk? Het jou pa werk in Johannesburg? Na wie toe gaan julle? Het julle blyplek? Jy sien…” en hy kyk bang rond, “ek wil ook gaan. Verstaan? Maar ek moet eers weet van als…. Hoe dit is. Verstaan? Hoe die vurk in die hef steek…… verstaan?”
“ My pa het nog nie werk nie, oom. Maar daar is baie werk. Hy moet net soek. Maar blyplek het ons. By ons vriende, die Van Zelms. Hulle is ook van Lichtenburg af, en hulle is al daar.”
Oom Giel luister grootoog.
“Oom Piet en tant Fienie het gesê ons kan by hulle bly solank my pa werk soek.” Ek sê dit, maar ek dink aan Anna met die vlegsels.
“Ai, maar dit is goeie mense!”
“Is so, oom.”

“Het hulle ‘n groot huis? Ek meen, groot genoeg, verstaan?”
“Nee, ek weet nie, oom. Maar hulle is ryk. Oom Piet is ‘n verwer, Hy verf huise.”
“ Hoeveel geld kry hy?” vra oom Giel. “Ek kan ook verf.”
“Nee, hy kry nie geld nie, hy kry ‘n salaris.” Ek praat verder. “My ouma is ook daar. In Vrededorp, mens sê Fietas…. Maar haar huisie is te klein.”
“Ja, ek kan ook verf…. Maar ek kan nog goeters doen. Soos lorriedryf, verstaan?”
Ek verstaan.

Toe kom die tante terug.
Ek hoes. “ Dan gaan ek maar eers. Baie dankie vir als.”
Toe ek loop, hoor ek die salige woorde. Woorde wat my later in my lewe altyd gelukkig sal maak: “ Wat ‘n oulike kind.”

## In die klaskamer

““So is die lewe,” het Ouma gesê” Dis ek wat weer in die klas sit en droom het. Dan praat ek sommer hardop.
“Wie het so gesê?” vra Meneer. Meneer is meneer Basson.
“Ouma!” sê ek.
“Wat is haar naam?”
“Ouma!” sê ek.
“Nee, haar naam. Wat is haar nààm!?”
Ek wonder wat makeer Meneer. Ouma is tog Ouma!
“Wat is jou ma se naam? Hoe sê haar broers en susters vir haar?”
“Ousus.” En toe weet ek. “Haar naam is Sannie! My ma s’n. Maar haar ma se naam ken ek nie, dis net Ouma. My pa se ma se naam is Ouma Lettie. Snaaks, hoekom sou ek dit weet? Ouma Lettie bly op Lichtenburg, aan die end van die dorp, langs die meule, en langs die koeikamp….. meneer.” Ek sit sommer vir respekte meneer by.

Meneer Basson glimlag mooi. “Vertel my van Ouma-sonder-‘n-naam, Stefanus. Wel, sy is nie sonder ‘n naam nie, haar naam is Ouma, vertel my van haar.”

“Meneer, ons wil nie van sy ouma hoor nie, ons wil skool hoor!” sê Willem Esterhuysen, die stoutste seun in die skool. Wel, hy was die stoutste, maar toe maak meneer hom prefek.
“Geskiedenis,” sê Helena Botha.

Ek sien aan Meneer se lippe hy gaan iets snaaks sê, en hy sê dit: “Stefanus se ouma is so oud sy hoef niemand Geskiedenis te léér nie, sy vertel sommer wat sy onthòù!”

Ek lag, Helena Botha lag, Baby Maartens lag. Ou Hen Blackie lag te lekker, En as Hen lag, lag almal. Toe ons almal klaar gelag het, lag Bellie Bellingham.

“Wie laaste lag…?” vra Meneer, amper soos in mondeling.

Klitsgras Keyter antwoord: “Wie laaste lag, het nou eers die grap gevang!”
Toe lag almal weer.
“Gesnap!” help Meneer ou Klitsgras reg. “’n Mens snap ‘n grap. Jy vang ‘n…?”
“’n Trem!”
“Nee, jy haal ‘n trem. Jy vang ‘n…?”
“Jy vang ‘n klei in die skool!” lag ou Hen. Hy is vir niks en g’n niemand bang nie. Hy bang niks. Nie Hen nie.

## Die laken skeur. (nie vir sensitiewe lesers nie……)

STREEKTAAL SOOS OPGETEKEN IN WESSIES, 1938. (verkort)
AAINIE = ysterkoëellaer wat as ghoen in ‘n albasterspeletjie gebruik word
AAIK = Fiets, ook martelpyp of gatsaag
DJOL = speel
GHOEF = swem
KAIA – Huis
OUTOPPIE – Pa

“Is daar niks by em nie? “ vra ou Bushie
“Môreval! “ se Hen
“Wat is môreval*?” Meneer vra dit sommer asof dit nie saakmaak nie, asof dit eintlik niks is nie.
“Meneer!?” Daarna is dit stil, as dit so stil is sê mens dis ‘n geskokte stilte.
“Dis wat die grootmense in die boeke noem: swanger pouse,” sê Prof, wat nog nie dertien is nie, maar ouer is as twaalf.

Meneer skryf dit op die bord: Môreval =… Hy wag. Iemand moet praat. Dis nie ek nie. Die enigste wat sal praat is Hen, want hy bang g’n niks. Maar hy weet nie so mooi nie – nee, hy weet maar hy kan dit nie goed met woorde sê nie. Die ander een is Prof. Prof sal dit mooi kan sê sonder om – wat is meneer se woord? – vulger te raak. Vulger is vieslik. Lelik. Mens mag sê: “Oupa het ‘n windjie gelos”, of daardie mooi een, ‘n laken geskeur, maar Oupas poep nie. Verkieslik nog minder Oumas. Oumas kry glipsies. En dis net party Oumas. Om van Mammies nie eens te praat nie. Mammies kry sooibrand, en as sy miskien, altemit, dalk, straks, per ongeluk ‘n glipsie kry, kyk sy na die hond en sis: “ Wagter! Buite! Uit!”

Daarom dat die bekende versie verander is vir goeie geselskap:
Ouma en Oupa sit op die stoep.
Oupa gee ‘n harde roep
Ouma vra: “Wat makeer?”
Oupa se: “Die laken skeur!”

**Môreval – soos opgeteken in Tiesj – Wanneer ‘n vrou hoog swanger is, gereed om geboorte te gee. “Sy is so naby die baba kan môre al uitval.*

# Pitkos vir die siel (Trisha Louwrens)

Covid 19 het ‘n impak in elkeen se lewe gemaak, veral op gesondheid en finansies. Dit het ook die speelveld gelyk gemaak tussen ryk en arm, geloof, ras en kleur.

‘n Weldoener sou tradisioneel uit sy oorvloed aan iemand gee wat meer behoeftig was as hyself. Maar nou is dit nodig om die gee aan iemand wat moontlik sy besigheid se deure moes sluit of ‘n weduwee wat alleen agter gebly het.

‘n Persoonlike ervaring gedurende hierdie tyd het my met skok laat besef hoe moeilik dit egter is om te ontvang! Met die afskaal van my salaris, kon ek my verpligtinge nakom, maar was daar geen ekstras nie. Ek het ernstig daaroor gebid en tog self probeer om my skuld te onderhandel. Twee dae later ontvang ek ‘n sms wat toon dat ‘n ruim bedrag in my bankrekening inbetaal is. Ongeloof laat my die bedrag oor en oor lees maar dit is toe ek die inbetaler se naam sien dat my hele wese teenskop!

‘Ek weier om hierdie geld te aanvaar, ek gaan dit waaragtig terugbetaal’!

‘n Ongekende worstel het in my binneste posgevat oor my reaksie en moes ek ‘n paar keer Jopie se Pos toe stap en terug. Is dit net ek of is ons almal se trots so geweef dat jy geld eerder anoniem sal aanvaar maar enige iets anders mag ‘n gesig en naam hê?

Gaan dit oor die 'dankie sê'? In die geval van 'n anonieme skenker bedank ek die Here, ek het immers tog tot Hóm gebid. Maar om iemand in die oë te kyk en te bedank neem dapperheid (guts). Ek was geskok dat my trots so gegroei het dat ek vermetel genoeg is om te wil kies van wie ek sal ontvang…

Die selfredenasie gedurende die stap het my ook in die gewer se skoene laat staan. Hy/sy moet net so dapper wees om 'n donasie te maak aan iemand wat skynbaar niks kort kom nie. Hy gaan 'n gek van homself maak as hy verkeerd by Vader gehoor het.

'n Vriendin het my geleer dat wanneer jy gee en dit maak in jou hart seer, dan gee jy regtig eers. Daardie geliefde rokkie aan 'n meisie wat nie 'n matriekafskeiduitrusting kan bekostig nie. Om te ontvang, het ek nou geleer, maak ook seer as ek dit uit myself wil ontvang.

Die pandemie het 'n onbeskryflike broosheid gebring en kan ons uit Vader se skatkamers mekaar bederf, bemoedig en opdra in gebed. Kom ons leer om te ontvang… en te gee!

# Skrywers-kompetisie

Elkeen het 'n storie om te vertel, en almal wil graag daardie storie hoor. Nou het jy die geleentheid om jou storie, of dalk twee of drie korter stories, saamgevat onder een Titel, op skrif te stel. Stuur dit in en staan 'n kans om jou storie in die Bulletin gepubliseer te kry en om boon-op dalk 'n lekker kontantprysie los te slaan. Moet nie hierdie geleentheid misloop nie.

Alle Kranspoorters (inwoners en eienaars) is welkom om deel te neem.

Reëls

1. Skrywer moet 'n eienaar of inwoner van Kranspoort wees.
2. Stories moet tussen 1000 en 3000 woorde lank wees.
3. Verskeie korter stories mag een lang item opmaak.
4. Werk moet verkieslik elektronies ingehandig word, maar handgeskrewe stories sal ook aanvaar word.
5. Werk word beoordeel op grond van die inhoud, interessantheid van die storie en die vertelling daarvan. m.a.w. skryfstyl (of dit lekker lees).
6. Geen kru taal of onsmaaklike skrywe sal aanvaar word nie, maar goeie afrikaanse tong-in-die-kies humor sal aanvaar word.
7. Skryfwerk sal geredigeer word om goeie taalgebruik, spelling ens. te verseker, voor plasing.
8. Foto's sal 'n aanwins wees.
9. Sluitingsdatum van kompetisie is : 17 September 2021.
10. Slegs een tema per inskrywing.
11. Verskeie inskrywings is toelaatbaar.

Maak jou potlood skerp en begin vandag skryf.

Temas:

1. Uit my Kinderdae of soos Pa en Ma of Oupa en Ouma vertel het
2. 'n Kampvuur Bangmaakstorie
3. Natuur- en Dierestories of stories uit die natuur (eie ervarings).
4. Humor tydens vakansie (Daardie snaakse ondervindings wat net gedurende vakansie gebeur)

**PRYS: R1000,00. Vir die wen inskrywing, maar die beste vyf inskrywings sal oor die volgende vyf uitgawes gepubliseer word**.

Stuur jou inskrywing na:
Hester Hattingh(066 270 7728) of kobushat@ctecg.co.za
Wanda Underhay (0829415051) of wandaunderhay@gmail.com

# Kwêvoël (met sy tong in die kies)



Hier is ek alweer....

Het julle gehoor van die verlangse nefie van my wat gereeld 'n draai gaan maak daar by die maandelikse mannebraai? Hy't glo skaars geland dan begin hy met sy kenmerkende "goooi, goooi!".... Hy is glo bang die ys smelt voordat sy vere uitgekam is. Stoute nefie!!



Dan is daar een van ons geliefde prentjiemakers wat amper die hele bos afgebrand het! Sjoe, maar ons het geskrik. Hulle gooi toe mos die braaiery se as op die komposhoop. Die goed broei toe te lekker en slaan in die middel van die nag aan die brand. Groot konsternasie gewees! Ek wonder of die mensekinders besef dat ons daardie lekker vet wurms soek op sulke hope.

O ja, ons hoor die jawoord is uit!! Een van ons geliefde Kranspoort manne het 'n blink klip aan 'n pragtige dame se vinger gesteek. Hy vat haar toe sommer weg na die sandland hier noordwes van ons. Seker bang die nuuskierige Kranspoorters trap hulle drempel deur. Ek hoop net nie hy vergeet nou van ons kossies noudat hy ander belangstelling het nie!

Die hoofman oor duisend het mos toe die pad gevat noudat sy termyn verby is! Sy van is hoeka so ampertjies 'n geveerde vriend s'n. Ons wonder nogal waar vlieg hy so rond.



Dis nou tyd dat die klomp swaeltjies terugkeer huistoe. Hulle sit mos lekker onder 'n boom in 'n ander geweste. Sê mos dis te koud hier in die paradys....voer nou ander van ons verlangse familie en vergeet heeltemal van ons!

Ek sien toe nou die dag die mensekinders sit so op 'n ry en kuier en wag by die gholfbaan. Na ek hulle so skewe koppie beskou het sien ek ander mense druk so blink ding in hulle bo-arms. Sjoe maar dit het seer gelyk.



Lag ons te lekker in ons vere. Die mensekinders kan darem lekker kwaad word vir mekaar...en dit oor hout en tuinslange wat verdwyn het! Maar alle grappies op 'n stokkie, ons hou ook gladnie van skelms nie. Julle weet mos daar is ander voëls met groter bekke as myne wat ons eiers en kleintjies kom steel en opvreet. Dit maak onse hartjies baie seer. Julle weet mos ook van onse familie wat so raas wanneer die reën oppad is. Hulle het sowaar die vermetelheid om hulle eiers in ander se nessies te lê en dan moet ander hulle kleintjies grootmaak!

Julle moet oppas, ek hou julle dop! En my ore kan 'n radiostasie opvang....


## Kranspoort Bulletin Redaksie

Redaksieleier: Wanda Underhay
wandaunderhay@gmail.com
Selfoon: 082 941 5051

Verslaggewers:
Elsabe Strydom - 082 875 0378
Hester Hattingh – 066 270 7728
Trisha Louwrens – 072 476 7947

Proeflesers
Johan Botha
Erna Ruthvin


## Advertensies

Drie groottes is beskikbaar:

8cm X 8cm ( min of meer 1/6 van A4 bladsy) - R70.00
8Cm X 13cm ( in of meer ¼ van A4 bladsy) - R100.00
16cm X 13cm ( min of meer ½ van A4 bladsy) - R200.00

Kontakpersone
Kranspoort interne advertensies – Wanda Underhay
Eksterne besigheidsadvertensies – Trisha Louwrens



# Bioway Multi insect & Dustmite killer




*Kranspoorters,*

*Teen die tyd weet meeste van julle al van BIOWAY MULTI INSECT AND DUSTMITE KILLER. Hier is meer inligting daaroor:*

Dis 'n produk wat GEEN gif bevat wat diere of voëls of mense kan skade aandoen nie, gebruik selfs op plante en jouself ook. Dis langwerkend: nuwe gebruikers spuit dit 1 x pw vir 3 weke na mekaar, daarna is dit eers weer nodig 3-4 maande later. Produk trek in oppervlaktes in soos bv teëlvloere en bly aktief selfs na vloere gewas is. Gebruik op klere in kaste, beddegoed, stoffering, matrasse, matte, gordyne en selfs in koskaste. Dis die enigste produk wat stofmyt doodmaak wat vir sinus en asma verantwoordelik is. Karoo skaapboere gebruik dit op hul skape wat brandsiek kry agv myte. Produk is reukloos en vlek nie materiale of meubels nie. Na die reën en hittegolwe gaan ons nou behoorlik las hê met insekte, so julle is welkom om my te kontak as julle belangstel om aan te koop.

Ansie van Rensburg - Elandsingel 358




Kranspoort dames!

Kom sluit gerus by ons oefenklas aan, Dinsdae en Donderdae in Raasblaar saal. Wintertyd 9:00 - 10:00. Slegs R200 pm vooruitbetaalbaar voor die 7e van elke maand. Ons het n wye verskeidenheid oefeninge, bv Joga, Kallenetics, Pilatus, balle, gewiggies, stokke en rekke. Geen vervelige klas nie! Alle ouderdomme en groottes is welkom. Groete Ansie van Rensburg

# Advertensieblad








Neem asseblief kennis van Oppiestoep se tye verandering vir die wintermaande:
Ma tot Sa 7h00 tot 17h00
Sondae 8h00 tot 13h00






# Advertensieblad













Die Bossalon
Kom doen jou hare in die natuur, geniet terselfdertyd 'n perkuleer koffie in Bossalon blikbekers en ietsie ligs om te eet.
Nuutste haartegnieke soos byvoorbeeld 'oil slick hair' soos op foto.
Die Bossalon is oop op Woensdae Donderdae en Saterdae. Dinsdae en Vrydae is ek in Middelburg, jy is ook welkom as jy op daardie dae in die dorp is om my ook daar te besoek.
Annie Venter
0798914666


PENTAGON
SECURITY CONSULTANTS
SLEEP SOUNDLY WHILE WE STAND GUARD.
WE SUPPLY AND INSTALL ALARM SYSTEMS. CCTV
ALARM MONITORING AND RESPONSE
CALL US AND BOOK A OBLIGATION FREE APOINTMENT
CALL :
LEONARDUS VAN VREDEN
072-868-6519




# Foto-gallery (die skoonheid van winter in Kranspoort)

























BFD  se advertensie